

OES TOT NA-OES

DIE BELANGRIKHEID VAN KOOLHIDRAAT RESERWES

Die bestuur van die wingerd in die na-oes periode is baie belangrik, aangesien dit die volgende seisoen 'n groot impak kan hê op die aanvanklike bot en groei van wingerd. Gedurende die na-oes periode vind die opberging van koolhidraat reserwes plaas wat benodig word deur die plant vir bot en aanvanklike groei (bot tot ongeveer 8 tot 10 blaarstadium), totdat die blaaroppervlak groot genoeg is vir voldoende energieproduksie deur middel van fotosintese. Hierdie koolhidraat reserwes word nie net in die permanente bognondse dele gestoor nie, maar ook in die wortelstelsel. Die koolhidrate gestoor in die wortelstelsel word tot 'n mate gebruik vir aanvanklike bognondse groei, maar grootliks vir die wortelstuwing wat gesien word rondom die blom periode.

Soos die stok groei deur die seisoen, word oortollige koolhidrate, wat deur fotosintese geproduseer word, ook gestoor in die permanente dele van die plant. Maar as die oeslading hoog is, of wanneer die stokke onder een of ander omgewingsstres is (wat fotosintese verlaag), word daar minder hiervan gestoor en word koolhidrate eerder gebruik vir die rypmaak van die oes. In so geval, is die oordeelkundige bestuur van die na-oes periode van nog groter belang.

Die plant benodig nie net koolhidrate nodig vir bot nie, maar nutriënte ook. Die nutriënte deur die stok benodig vir bot en aanvanklike groei kan nie op 'n vroeë stadium deur wortelopname bevredig word nie, daarom is die gestoorde nutriënte vir hierdie periode belangrik.

Die impak van reserwes op aanvanklike lootgroei en potensiële oeslading vir die volgende seisoen is groter as wat meeste besef – suboptimale reserwes kan veroorsaak dat die primêre ogies (wat die beste kwaliteit trosse het) nie uitbot nie, maar eerder die sekondêre of tersiêre ogies. Swak aanvanklike groei kan in die seisoen tot gevolg hê dat optimale uitdunning nie verkry word nie en het in die meeste gevalle ook meer onegaligheid tot gevolg.



PRODUKSIE WENKE

NA-OES BESTUUR OM KOOLHIDRAAT RESERWES TE AKKUMULEER

Dit is belangrik vir die druiwestok om in die na-oes periode steeds optimaal te fotosinteer, om sodoende koolhidraat reserwes op te bou. Dit beteken dat 'n gesonde lower gehandhaaf moet word vir hierdie periode, genoegsame nutriënte en water moet beskikbaar wees, peste en plae moet voldoende beheer word. Behalwe dat die lower gesond moet wees vir fotosintese, kan swamme soos witroes en donsskimmel ook tot gevolg hê dat die koolhidrate wat in die blare geproduseer word, nie uitgevoer kan word na die permanente strukture van die plant nie.

Stadige of onegalige rypwording en lote wat nie heeltemal 'ryp' is met oes nie, kan gesien word as indikatore dat daar 'n tekort aan koolhidrate in die sisteem was gedurende die seisoen. In hierdie geval is die na-oes bestuursperiode van kardinale belang – die lower moet vir 'n langer periode na oes aktief gehou word om reserwes op te bou.

NA-OES NUTRIËNT BESTUUR

Die hoeveelheid nutriënte wat gedurende die na-oes periode toegedien moet word, hang af van 'n paar faktore, bv. Blaar of petiool analyses gedoen gedurende die seisoen, visuele toestand van die lower (groeiagtigheid, tekortsimptome, ens.), grondtipe en ook die hoeveelheid nutriënte wat verwyder is uit die sisteem met die oes van die druiwe. 'n Paar redes waarom na-oes bemesting belangrik is, sluit in: die regstelling van enige nutriënt kwessies wat gedurende die seisoen opgeduik het; instandhouding van die lower vir 'n langer periode na-oes; bou van nutriënt reserwes vir die volgende seisoen; en vele ander.

NA-OES BESPROEIINGS BESTUUR

Besproeiing tydens die na-oes periode is belangrik aangesien dit 'n gesonde lower langer sal onderhou voor blaarval en ook om die na-oes bemesting wat toegedien is, tot in die wortelsone te was. In winterreënval gebiede moet optimale dreinerings van die wingerde verseker word en in somerreënval gebiede moet lae frekwensie besproeiing gedoen word. Optimale grondvog gedurende dormansie, verbeter die kans op meer egalige bot en beter aanvanklike groei – wanneer die wingerd te droog of te nat bestuur word gedurende die winter, word wortelaktiwiteit negatief beïnvloed.

Trix Quixley (NexusAg).



satgi.co.za

